



BELEGGINGSDOELWIT

Die beleggingsdoelwit van die fonds is om beleggers van kapitaal groei te voorsien deur hoofsaaklik in aandele te belê. Met aandeelblootstelling van tussen 80% en 100%, sowel plaaslik as in die buiteland, is die fonds afgestem op die belegger wat bereid is om hoë risiko te verduur, spesifiek wat wisselvalligheid betref. Inkomste is nie die hoofdoelwit van hierdie fonds nie. Die fonds mag by tye gebruik maak van genoteerde en ongenoteerde afgeleide instrumente om die fonds se beleggingsdoelwit na te streef.


MEER OOR DIE FONDS

Beleggingsbestuurder	Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Pty) Ltd
Voldoen aan Regulasie 28	Nee
Maatstaf	FTSE/JSE Alle Aandele Indeks
Aandeelblootstelling	Minimum effektiewe blootstelling van 80%.
Buitelandse Blootstelling	Maksimum effektiewe blootstelling van 30% en 'n verdere 10% in Afrika (buiten RSA).
ASISA-klassifikasie	Suid-Afrikaans - Aandele - Algemeen
Risikoprofiel	Hoog
Handelsluitingstyd	14:00
Waardasietyd	17:00

DIE KRUGER BELEGGINGSKOMITEE

Hein Kruger:	Hoofbeleggingsbeampte
Mia Kruger:	Fondsbestuurder
Johan Marais:	Beleggingskomiteelid
Charl Bester:	Beleggingskomiteelid
Analytics Consulting:	Beleggingskonsultant

BATEALLOKASIE



- SA Aandele 27.12%
- SA Aandele (Verskans) 32.13%
- SA Eiendom 0.09%
- SA Eiendom (Verskans) 1.14%
- SA Hernubare Energie-infrastruktuur 5.69%
- SA Kontant & Effekte 2.45%
- Buitelandse Aandele 30.53%
- Buitelandse Eiendom 0.24%
- Buitelandse Kontant & Effekte 0.61%

Jongste beskikbare inligting

HISTORIESE FONDSPRESTATIE (Jaarliks saamgestel)

	1 Jaar	3 Jaar	5 Jaar	10 Jaar
Kruger Ci Aandelefonds (Klas A)	24.54%	15.51%	n/a	n/a
Maatstaf	29.23%	15.71%	n/a	n/a
Hoogste opbrengs oor rollende tydperk van 12 maande				41.81%
Laagste opbrengs oor rollende tydperk van 12 maande				-11.76%

KOMMENTAAR DEUR FONDSBESTUURDER

Internasionaal:

Die opwaartse momentum in markte is hervat in Desember te midde van die tradisionele positiewe feesstemming. Dit was ten spyte van die FED se herposisionering ten opsigte van monetêre beleid in November teen die agtergrond van stygende inflasie en toenemende oproepe uit die geleedere van privaat ekonomiese en fondsbestuurders vir daadwerklike aksie. FED-voorsitter Powell het aangedui dat die gewraakte woord "transitory" wat sinoniem geraak het met hulle akkommoderende monetêre beleid die afgelope twee jaar uiteindelik begrawe is, dat ekonomiese aktiviteit sodanig herstel het dat die monetêre beleid nou genormaliseer kan word en dat hulle gereed is om bystand aan die ekonomie te begin onttrek. Dit behels onder meer die afskaling en beëindiging van die FED se \$120 000 miljard maandelikse effekte aankope-program, rentekoersverhogings in die nabye toekoms en die inkrimping van die FED se balansstaat. Hierdie nuus het markte aanvanklik onkant gevang maar vertroue is spoedig herstel te midde van volgehoue positiewe ekonomiese data en verwagtings dat rekord maatskappyverdiensies gehandhaaf sal word in 2022. Intussen duur die heftige debat oor die blywendheid al dan nie van inflasie voort teen die agtergrond van die jongste internasionale inflasiesyfers – Amerika 7.0%, Europa 5.0% en Brittanje 5.4%. Ongelukkig het Omicron, die jongste Covid-19 variant, die pandemie op die radarskerm gehou en ten tye van die skrywe regoor die wêreld voorgekom. Vroeë aanduidings is dat dit ligter infeksies veroorsaak maar aansienlik vinniger en wyer as Delta versprei en die volle impak op die wêrelddekkende markte is nog besig om uit te speel. Bykomende teenwinde is verlangsamende Chinese groei, President Biden se toenemende politieke uitdagings en stygende geopolitieke risiko's. Met betrekking tot ekonomiese data het die Amerikaanse indiensnemingsyfers vir Desember op die oog af teleurgestel met die skepping van slegs 199 000 werksgeleenthede teenoor die verwagte 420 000 maar na dieper ontleding reflekteer dit eintlik 'n stram en positiewe arbeidsmark. Voorts is die indiensnemingsdata vir die afgelope twee maande opwaarts aangepas tenywer werkloosheid skerp verbeter het tot 3.9% van November se 4.1% en 6.3% aan die begin van die jaar. Gemiddelde uurlikse lone het ook teen die vinnigste koers in bykans 40 jaar gestyg – lone het met 0.6% vir die maand en 4.7% jaar op jaar gestyg teenoor die verwagte 0.4% en 4.2%. Met die vierde kwartaal rapporteringseisoen in volle swang sal daar veral gelet word op die kwaliteit van verdienstes en die volhoubaarheid daarvan in 2021, veral as die FED se hand geforseer word om meer aggressief ten opsigte van die monetêre beleid op te tree. Markte het deur die bank gestyg in Desember – die MSCI Alle Lande Indeks met +3.79% (+16.24%ytd); die Dow Jones Nywerheidsindeks met +5.53% (+20.95%ytd); die S&P 500 met +4.48% (+28.71%ytd) en die MSCI Opkomende Markte Indeks met +3.14% (+12.33%ytd) – alles in VSA dollars.

Plaaslik:

Die effense stewiger ondertoon in vars ekonomiese data is bemoedigend maar die ekonomie bly broos en staar verskeie politieke en ekonomiese teenwinde in die gesig. Van die belangrikstes is die toenemende politieke spanning in die aanloop tot die ANC se leierskapsverkiezing in Desember en die vrystelling van die eerste van drie verslae deur die Zondo-kommissie na aanleiding van sy ondersoek na staatskaping. Van kritieke belang is die regering se spoedige en besliste reaksie op die verreikende aanbevelings aangesien dit die sukses al dan nie gaan bepaal van hierdie omvattende en duur ondersoek. President Ramaphosa se besluit om die verslag onmiddellik openbaar te maak was wys en het politieke punte vir hom verdien. Van die vernaamste sistemiese teenwinde bly die voortsepende wisselvallige kragvoorsiening, die regering se onvermoë om 'n gunstige omgewing vir werkskepping en gunstige besigheidsvertroue te skep en om die ekonomie behoorlik aan die gang te kry. Gelukkig en teenstrydig met die res van die wêreld wil dit voorkom of die Omicron variant reeds sy piek hier bereik het. Die hoofdryer van die plaaslike ekonomie bly die internasionale vraag na kommoditeite in die nadraai tot Covid-19. Dit het gelei tot volgehoue sterk vraag met gepaardgaande stygings in volumes en pryse maar ongelukkig ook tot reuse bottelnekke in maatskappye se voorsieningskettings. Die pryse van sekere kommoditeite het egter onlangs onder druk begin kom te wyte aan die verlansaming van die Chinese ekonomie maar die algemene prentjie bly positief. Vars ekonomiese data vir die nuwe jaar word steeds afgewag maar sover het maand op maand vervaardigingsproduksie vir November met 3.7% herstel teenoor 'n verwagte styging van +5.1% en 'n daling van 5.2% in Oktober. Kleinhandelverkope vir November het 'n verrassend met 1.9% maand op maand gestyg na 'n teleurstellende daling van 1.3% in Oktober. Onder die negatiewe datapunte was VPI inflasie wat jaar op jaar skerp met 5.9% in Januarie gestyg het, aansienlik hoër as die verwagte 5.7% en 5.0% in Desember. Die verwagting is derhalwe dat die Reserwebank sal voortgaan op sy pad van strengere monetêre beleid. Belyn met internasionale markte het die FTSE JSE Algehele Indeks met +4.80% (+29.23% jtd) in Desember gestyg. Belyn daarmee het al die Krugerfondse gestyg – die Aandelefonds met +2.70% (+24.54% jtd); die Gebalanseerde-fonds met +2.15% (+20.15% jtd); die Voorsorgfonds met +1.45% (+16.13% jtd) en die Internasionale Flexible Feeder Fund met +0.40% (+15.89% jtd).

Hierdie dokument is 'n Minimum Openbaaringsdokument en bevat kerninligting oor hierdie fonds. Die dokument word maandeliks bygewerk. Bron: Syfers is bekom van Morningstar en Portfolio Analytics Consulting, het betrekking op 'n enkelbedrag, en is gegrond op netto batewaarde- (NBW-) teenoor NBW-pryse en die herbelegging van inkomste-uitkerings. VPI vir alle stedelike gebiede is bekom van Factset. Bate allokasie en Top 10 aandeelhoudings inligting saamgestel deur Global Investment Reporting SA ("GIRSA").

Gepubliseerde datum 25.01.2022

www.krugerinternasionaal.co.za

Kruger Ci Aandelefonds 1 van 2



BYKOMENDE INLIGTING

Fondsgrootte	R 208.4 miljoen
Fonds Aanvangsdatum	3 Julie 2017
Klas Aanvangsdatum	(A): 3 Julie 2017, (G): 2 September 2019
NBW-opeeningsprys	(A): 1000.00 sent per onderaandeel
NBW-opeeningsprys	(G): 100.00 sent per onderaandeel
Gereeldheid van prysbepaling	Ons daaglikse NBW-pryse verskyn op ons webtuiste en in die nasionale pers.

FONDSFOOIE

Aanvangsfooi	Klas A: 0.00%, Klas G: 0.00%
Aanvanklike Adviesfooi	Maksimum 3.00% (BTW uitgesluit)
Jaarlikse Diensfooi	Klas A: 1.25% (BTW uitgesluit)
Jaarlikse Diensfooi	Klas G: 1.35% (BTW uitgesluit)
Jaarlikse adviesfooi	Maksimum 1.00% (BTW uitgesluit)

OPENBAARMAKING

FAIS-opeenbaarmaking

Die jaarlikse fooie sluit in 'n fooi van tot 0.70% wat betaalbaar is aan Kruger Internasionaal, 'n fooi van tot 0.15% (klas A) of 0.25% (klas G) wat betaalbaar is aan Ci Collective Investments, en 'n fooi van tot 0.40% wat betaalbaar is aan Analytics Consulting. Alle voormelde fooie sluit BTW uit. Let asseblief daarop dat wanneer die finansiële diensteverskaffer (FDV) 'n party verbonde aan die fondsbestuurder is, die FDV/verspreider in die meeste gevalle bykomende fooie kan verdien benewens dié wat die fondsbestuurder hef. 'n FX-fooi van tot 0.05% (BTW ingesluit) op enige FX-transaksies kan betaalbaar wees aan Kruger Internasionaal, bo en behalwe voormelde jaarlikse fooie. Kruger Internasionaal is 'n indirekte aandeelhouer van Ci Collective Investments. Kruger International Mauritius (KIM) is die beleggingsadviseur vir die International Equity Fund en die International Flexible Fund. Die fonds kan in die KIM-fondse belê. KIM en SIP kan 'n jaarlikse beleggingsadviesfooi van tot 1.00% op alle sodanige beleggings verdien. Kruger Internasionaal hef nie 'n jaarlikse bestuursfooi op die waarde van beleggings in die KIM-fondse nie.

Kenmerke

Die fonds belê hoofsaaklik in aandele met die doel om op lang termyn beter as die FTSE/JSE-indeks van alle aandele te presteer. Die fonds is geskik vir beleggers wat gewillig is om in die soeke na langtermyn groei 'n hoë vlak van wisselvalligheid te aanvaar. Beleggers in hierdie fonds behoort dus bereid te wees om 'n hoër berekende risiko te loop. Die fonds kan tot en met 30% van die bates buite Suid-Afrika belê, plus 'n verdere 10% van die bates in Afrika buiten Suid-Afrika.

Risikobeloningsprofiel: Hoog

'n Laer risiko word gewoonlik met 'n laer maontlike opbrengs verbind, en 'n hoër risiko met 'n hoër maontlike opbrengs. Tog is daar geen waarborg dat opbrengste hoër sal wees op beleggings in 'n fonds met 'n hoër risikoprofiel nie. Die risikoprofiel vir hierdie fonds word as hoog bestempel aangesien dit tussen 80% en 100% in plaaslike sowel as buitelandse aandele kan belê. Die risiko het alleenlik betrekking op wisselvalligheid.

RISIKODEFINISIES

Markrisiko

Aandelemarkte is wisselvallig, en aandeelpryse wissel na gelang van 'n aantal faktore, waaronder veranderinge in die ekonomiese klimaat, algemene veranderinge in rentekoerse sowel as die politieke en maatskaplike omgewing. Dit raak op sy beurt die waarde van die aandele in die effektrust, wat die algehele waarde van die effektrust beïnvloed.

Wisselkoers-/Buitelandse Valutarisiko

Hierdie risiko hou verband met beleggings waarvan die waarde in buitelandse geldeenhede aangedui word. Skommeling in die buitelandse geldeenhede teenoor die Suid-Afrikaanse rand kan die beleggings hetsy baat of knou.

Konsentrasierisiko

Effektetrusts voeg verskeie beleggers se bates saam en gebruik die opbrengs om 'n beleggingsfonds te koop. Huidige regulasies beperk die bedrag wat 'n effektrust in beleggingsinstrumente kan belê om sodoende 'n meer eweredige risikoverspreiding oor beleggingsinstrumente, bateklasse en maatskappye heen te verseker.

Likiditeitsrisiko

Dit hou verband met die effektrust se vermoë om beleggingsinstrumente in die fonds teen of na aan die bilike waarde daarvan te verhandel. Dit kan 'n invloed hê op likiditeit en, in geval van buitelandse beleggingsinstrumente, die repatriasie van geld.

Kredietrisiko

Kredietrisiko ontstaan wanneer 'n uitreiker van 'n beleggingsinstrument wat aandele uitsluit, of van 'n ruiltransaksie, nie die rente kan betaal of die kapitaal kan delg nie, wat tot verliese vir die fonds kan lei.

Risiko van Totale-opbrengsruiltransaksies

Die fonds kan in totale-opbrengsruiltransaksies belê. Totale-opbrengsruiltransaksies is ongenoteerde instrumente wat deur 'n bank uitgereik word om die opbrengs op 'n bepaalde indeks te lewer. Die waarde van die instrument hou direk verband met die prestasie van die onderliggende aandele in die indeks en wissel na gelang van daaglikse markbewegings. Van die aandeelblootstelling in die fonds kan deur totale-opbrengsruiltransaksies in plaas van fisiese onderliggende aandeelhouing verkry word.

Inflasierisiko

Die risiko van 'n maontlike verswakking in die koopkrag van 'n belegging weens 'n algemene toename in verbruikerspryse.

Politieke risiko

Die risiko dat beleggingsopbrengste kan verswak weens politieke veranderinge of onstabieliteit in 'n land. Onstabieliteit kan die gevolg wees van veranderinge in die land se regering, beleidsvormers of weermag.

Belastingrisiko

Hierdie risiko hou verband met enige verandering in belastingwette of in die vertolking van bestaande belastingwette wat 'n invloed kan hê op hoe effektrusts belas word.

Voldoeningsrisiko

Dit verwys na die risiko van nie-voldoening aan wetgewing, regulasies, voorgeskrewe beleggingsperke en interne beleide en prosedures deur die bestuurder of fondsbestuurder.

Hierdie dokument neem nie die unieke persoonlike omstandighede van enige kliënt van 'n finansiële diensteverskaffer (FDV) in ag nie, en is ook nie 'n risiko-ontleding van óf ondersoek na enige kliënt se finansiële behoeftes nie. Die meeste kollektiewe beleggingskemas in effekte (KBS in effekte) is middel- tot langtermynbeleggings. Die waarde van deelnemende belange kan styg sowel as daal, en vorige prestasie is nie noodwendig 'n voorspeller van toekomstige prestasie nie. KBS in effekte word teen heersende pryse verhandel, en kan by die leen en uitleen van aandeelbewyse betrokke wees. Verskillende klasse onderaandele is van toepassing op hierdie fonds en is onderworpe aan verskillende fooie en heffings. 'n Lys van fooie en heffings kan van Ci aangevra word. Ci bied geen waarborg met betrekking tot hetsy die kapitaal of opbrengs van die fonds nie. Vooruitprysbepaling word gebruik. Skommeling of verandering in wisselkoerse kan die waarde van onderliggende internasionale beleggings laat styg of daal. Internasionale beleggings kan bykomende risiko's inhou, soos maontlike beperkinge op likiditeit en die repatriasie van geld, makro-ekonomiese risiko, politieke risiko, wisselkoersrisiko, belastingrisiko, vereffeningsrisiko sowel as maontlike beperkinge op die beskikbaarheid van markinligting. Die fonds kan van tyd tot tyd gesluit word om dit meer doeltreffend in te voel sy mandaat te bestuur. Die Kruger-fondse word deur Ci saamgestel en geadmineistreer, en deur Kruger Internasionaal bestuur en bemark. Kruger Internasionaal is 'n indirekte aandeelhouer in Ci. As indirekte aandeelhouer, kan Kruger Internasionaal van tyd tot tyd dividende verdien, en deelname aan enige dividende kan gekoppel wees aan die inkomste wat Ci uit die Kruger-fondse en enige ander Ci-fondse skep. Hoewel die fonds sowel Ci as Kruger Internasionaal se naam dra, aanvaar Ci volle regspraaklikheid daarvoor. Bykomende inligting oor die fonds kan regstreeks en kosteloos van Ci bekom word. Ci is 'n (gewone) lid sonder stemreg van die Vereniging vir Spaar en Belegging SA (ASISA). Totale onkosteverhouding (TOV): Die TOV-persentasie hierbo is jaarliks saamgestel. Dit dui op die persentasie van die fondswaarde wat bestee is aan koste met betrekking tot die administrasie van die fonds oor 'n rollende tydperk van drie jaar of sedert die aanvang van die fonds. 'n Hoër TOV impliseer nie noodwendig 'n swak opbrengs nie, en 'n lae TOV dui nie noodwendig op 'n goeie opbrengs nie. Huidige TOV's kan ook nie as 'n voorspeller van toekomstige TOV's beskou word nie. Transaksiekoste (TK): Die TK-persentasie hierbo is jaarliks saamgestel. Dit dui op die persentasie van die fondswaarde wat bestee is aan koste met betrekking tot die koop en verkoop van onderliggende fondsbates. Transaksiekoste is noodsaaklik om die fonds te administreer, en het 'n invloed op fondsoopbrengste. Tog behoort dit nie in afsondering beskou te word nie, want opbrengste kan oor tyd deur verskeie ander faktore geraak word, waaronder markopbrengste, die tipe fonds, die beleggingsbestuurder se beleggingsbesluite, en die TKV. Die totale beleggingsheffing is die TOV plus TK, wat dui op die persentasie van die fondswaarde wat bestee is aan koste met betrekking tot die belegging van die fonds. Die TOV en TK kan nie akkuraat bepaal word nie vanweë die kort leeftyd van die fonds. Berekeninge is so ver maontlik gegrond op werklike data, en op beste ramings waar werklike data nie beskikbaar is nie. Die aangeduide prestasie is vir enkelbedragbeleggings, met inkomste-uitkerings vóór die aftrekking van toepaslike belasting. NBW- tot NBW-syfers is gebruik. Die jaarliks saamgestelde opbrengs is die opbrengs vir die prestasietydperk wat aangepas is tot een jaar. Prestasie word vir die fonds bereken, en individuele beleggersprestasie kan dus verskil as gevolg van aanvangsfooie, die werklike beleggingsdatum, die datum van herbelegging en dividendterughouelasting.

FDV: Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Pty) Ltd, FDV-nommer 521, Tel: (011) 726 7700 Faks: (011) 219 7111
Maatskappy/skema: Ci Collective Investments (RF) (Pty) Ltd, Posbus 412249, Craighall, 2024. Tel: 0861 000 881, webtuiste: www.cicollective.co.za
Trustee: FirstRand Bank Limited, Tel: (011) 371 2111

ISIN Nommer - Klas A: ZAE000171849, Klas G: ZAE000277059

Kruger Ci Aandelefonds 2 van 2